# KUSWAG SKOOL

## Gedragskode

## INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | DOEL EN OOGMERK VAN DIE GEDRAGSKODE | | 2 |
| 2 | KLASSIFIKASIE VAN OORTREDINGS EN KORREKTIEWE MAATREëLS | | 3 |
| | 2.1 | ALGEMENE BEPALINGS | 3 |
| | 2.2 | MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS (VLAK 1) | 4 |
| | | 2.2.1 VLAK 1, KATEGORIE A | 4 |
| | | 2.2.2 VLAK 1, KATEGORIE B | 5 |
| | | 2.2.3 VLAK 2, KATEGORIE C | 6 |
| | 2.3 | ERNSTIGE OORTREDINGS (VLAK 2) | 6 |
| | 2.4 | UITERS ERNSTIGE OORTREDINGS (VLAK 3) | 7 |
| 3. | LYS VAN RELEVANTE BELEIDSDOKUMENTE EN VOORSKRIFTE | | 9 |

**1. DIE DOEL EN OOGMERK VAN DIE GEDRAGSKODE**

Die gedragskode van Kuswag Skool is opgestel in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wetno. 108 van 1996) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996, soos gewysig) en streef daarna om die regte van die leerders as individue en as 'n groep te handhaaf en te beskerm.

Die Primêre doel van die gedragskode is om 'n gedissiplineerde en konstruktiewe leer-omgewing vir alle leerders te verseker en sodoende die behoud en verbetering van kwaliteit opvoeding te bevorder.

Ten einde die primêre doel te bereik streef die gedragskode daarna om karakter-opvoeding te bevorder en daarmee saam strydige optrede te korrigeer. Die kern- waardes van Kuswag is betroubaarheid, respek, verantwoordelikheid, regverdigheid, omgee en goeie burgerskap. Hierdie kernwaardes is die steunpilare vir karakteropvoeding.

Hierdie gedragskode is in ooreenstemming met Artikel 8(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet deur die Beheerliggaam van Kuswag Skool aanvaar op 20 Oktober 2016, na behoorlike oorlegpleging met die ouers, leerders en opvoeders van die skool. Na verdere oorlegpleging met bovermelde partye is die genoemde beleid op 17 November 2016 deur die Beheerliggaam hersien en goedgekeur.

Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met Algemene kennisgewing 776 van 1998, gepubliseer in die Staatskoerant van 15 Mei 1998 (GG 18900) en is van toepassing op die leerders nie slegs as hulle by die skool is nie, maar te alle tye en op alle plekke vir solank as wat die leerders by die skool ingeskryf is.

In ooreenstemming met Artikel 8(4) van die SA Skolewet (Wet 84 van 1996) is daar niks wat bevat is in die Wet wat 'n leerder vrystel van die verpligting om die gedragskode van die skool wat sodanige leerder bywoon, na te kom nie. Ingevolge die Kode word dit van leerders verwag om die gesag van Opvoeders, Monitors en die Verteenwoordigende Raad van Leerders te gehoorsaam.

Die skool is saamgestel uit 'n verskeidenheid/aantal kulture en die gedragskode is daarop gemik om hierdie unieke karakter te bevorder en te beskerm. Dit poog om 'n houding van wedersydse respek, verdraagsaamheid en versoening tussen leerders onderling en teenoor opvoeders en ander volwassenes in diens van die skool te vestig en te handhaaf.

In ooreenstemming met die Missie van die skool, wil die gedragskode die ideale atmosfeer skep waarin elke leerder die reg en die geleentheid het om te leer en om sy/haar potensiaal ten volle te ontwikkel.

Die Kode wil graag 'n lewenshouding kweek wat gekenmerk word deur selfdissipline, voorbeeldige gedrag en 'n strewe na volwassenheid.

In ooreenstemming met die gees van hierdie gedragskode, word dit van elke leerder verwag om hom/haarself te gedra op 'n wyse wat die welsyn en beeld van die skool, sowel as die selfbeeld van elke leerder sal bevorder.

## 2. KLASSIFIKASIE VAN OORTREDINGS EN KORREKTIEWE MAATREëLS

### 2.1 ALGEMENE BEPALINGS

2.1.1 Alle leerders sal vooraf ingelig word en kennis dra van die "Kuswag Gedrags-kode", skool- en die klasreëls.

2.1.2 Elke vakopvoeder is verantwoordelik vir die dissipline in sy/haar klas.

2.1.3 In elke klas sal die volgende vyf basiese klasreëls geld:

- (a) Slegs een persoon mag op 'n slag praat
- (b) Stiptelikheid word vereis. Wees betyds.
- (c) Huiswerk is verpligtend en moet gedoen wees.
- (d) Selfone moet tydens skoolure afgeskakel bly.
- (e) Praat en behandel jou opvoeder en medeleerders met respek.

2.1.4 'n Opvoeder het die reg ingevolge die gedragskode om 'n leerder wat die skool bywoon, gdurende enige klas, skoolfunksie, skooluitstappie en skoolverwante aktiwiteit, te beheer en te dissiplineer.

2.1.5 Elke opvoeder is te alle tye verantwoordelik vir dissipline by die skool en by skoolverwante aktiwiteite. Opvoeders het die volle gesag en die verantwoordelikheid om die gedrag van leerders by die skool te korrigeer wanneer so 'n korreksie nodig is.

2.1.6 Korrektiewe (dissiplinêre) stappe mag geneem word teen 'n leerder wat die gedragskode oortree. Korrektiewe maatreëls kan ernstiger word vir herhaalde oortredings.

2.1.7 'n Onderskeid word getref tussen minder ernstige oortredings, ernstige oortredings en uiters ernstige oortredings.

2.1.8 Korrektiewe stappe kan geneem word ooreenkomstig die spesifieke korrektiewe maatstawwe uiteengesit vir die tipe oortreding(s).

**2.2 MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS: VLAK 1**

**2.2.1 <u>VLAK 1, KATEGORIE A-OORTREDINGS:</u>**

**Die korrektiewe maatreël word gespesifiseer ooreenkomstig die erns van die oortreding.**

(a) Wangedrag tydens byeenkoms in die saal/aantreeblad.

- Die leerder sal aangesê word om vir die duur van die byeenkoms uit te tree.

(b) Ry/speel met skaatsplanke/rolskaatse/fietse/skop van balle in vierkante/op stoepe/tennisbane.

- Die leerder sal aangespreek of gewaarsku word. Indien die leerder volhou met die optrede sal een 2-uur Vrydagdetensie opgelê word.

(c) Hardloop en/of speel op die skoolstoepe/trappe of op die stoepe wees tydens pouses.

- Die leerder sal aanspreek of gewaarsku word. Indien die leerder volhou met die optrede sal een 2-uur Vrydagdetensie opgelê word.

(d) Nie-korrekte skooldrag en/of versuim om voorgeskrewe drag tydens skoolure/by skoolgeleenthede/op busse/aktiwiteite te dra of die skooldrag-reëls na te kom. Dit sluit ook "civviedrag" in.

**Voorkoms:** Hare nie volgens die skoolreëls nie of hare wat gekleur is en in gebreke bly om dit reg te stel.

- Die leerder kry 'n brief aan die ouer wat geteken moet word. Indien die probleem steeds die reggestel word nie, word die aangeleentheid hanteer as 'n Vlak 1, Kategorie-C oortreding. Dus een 2-uur Vrydagdetensie.

(e) Op verbode terrein wees.

- Die leerder sal aanspreek of gewaarsku word. Indien die leerder volhou met die optrede sal een 2-uur Vrydagdetensie opgelê word.

## 2.2.2 VLAK 1, KATEGORIE B-OORTREDINGS

(a) Onordelike en steurende gedrag in die klaskamer, eksamenlokaal of stoepe insluitende onordelike gedrag tydens amptelike skoolfunksies.

(b) Laatkommery in die oggend. Sloerdery.

(c) Enige vorm van rondlopery om kleedkamer, snoepie of kantoor toe te gaan sonder toestemming.

(d) Huiswerk onvolledig/nie gedoen nie/nie by die skool nie/lewering van afskeepwerk.

(e) Handboeke/mediaboeke/werkboeke/skrifte/apparaat (bv IGO-apparaat, Wiskunde-apparaat) nie by die skool nie. Die werk moet die volgende dag op datum wees, hetsy as huiswerk ingehaal of tydens ‘n pouse in die klas bly om die werk te doen. Leerder sal gewaarsku word.

* ‘n Rekening vir uitstaande mediaboeke sal gegee word.

(f) Eet/drink in die klas sonder toestemming (uit respek vir onderwyser moet toestemming steeds gevra word).

(g) Afwesigheid van skool/sport/kultuuroefening/skoolaktiwiteite sonder verskoning of vooraf reëlings.

(h) Toetse/werkkaarte/portefeuljes/detensiebriewe/afskeurstrokies nie geteken en/of terugbesorg binne drie dae nie.

(i) Tatoeëring word ten sterkste deur die skoolbestuur afgekeur. GEEN tatoeëring mag sigbaar wees nie en moet onder klere bedek wees OF op ‘n toepaslike wyse soos bv. met ‘n pleister of verband bedek word. Die reël geld ook op die sportveld.

(j) Ouerbrief m.b.t. verskoning, doktersbrief, bewys van afspraak nie ingelewer na drie dae vanaf laaste dag van afwesigheid nie.

**KORREKTIEWE MAATREëLS VIR KATEGORIE B-OORTREDINGS**

(i) Elke opvoeder sal boekhou van oortredings wat ‘n leerder in sy klas/periode begaan. Die oortredings sal in die strafboek ingeskryf word. Die leerder sal in kennis gestel word sodra sodanige inskrywing gemaak is.

(ii) Met die derde inskrywing in die strafboek, sal een 2-uur Vrydagdetensie opgelê word.

**2.2.3 <u>VLAK 1, KATEGORIE C-OORTREDINGS:</u>**

(a) Fisiese kontak soos onder andere liefkosings, soenery, vryery op die skoolterrein, skoolbusse of enige ander plek waar Kuswagleerders identifiseerbaar is.

(b) Tussen en tydens periodes snoepwinkel toe gaan.

(c) Oneerbiedige optrede teenoor personeel/SR-lid/VLR- lid/Monitor/ administratiewe personeellid/terreinpersoneel/ouers/besoekers en medeleerders, of verkleinerende/kwetsende opmerkings teenoor enige persoon maak.

(d) Sonder toestemming of onder valse voorwendsels 'n ander leerder uit die klas roep of wil "spreek" en sodoende die klas steur.

(e) Wangedrag soos bv. spelery, gillery en watermorsery in die kleedkamers of toilette.

(f) Onderwyser se opdragte verontagsaam of ignoreer.

**KORREKTIEWE MAATREëLS VIR KATEGORIE C-OORTREDINGS**

(i) Een 2-uur Vrydagdetensie sal opgelê word.

(ii) In die geval van volgehoue oortreding van Kategorie C-oortredings, kan die opvoeder binne sy diskresie die ouers/voogde skakel en die leerder se optrede met hulle bespreek.

(iii) In die geval van volgehoue en/of herhaaldelike oortreding van 'n Kategorie C-oortreding sal die optrede as 'n Vlak 2-oortreding hanteer word en kan 'n korrektiewe maatreël soos voorsien in die geval van 'n Vlak 2-oortreding opgelê word.

**2.3 <u>ERNSTIGE OORTREDINGS: VLAK 2</u>**

(a) Vloekery, krutaal en/of lelike tekens/gebare gebruik.

(b) Ontwrigtende of steurende gedrag tydens die aflegging van 'n toets/eksamen.

(c) Nie opdaag vir 'n Vrydagdetensie sonder 'n geldige of vooraf verskoning nie.

(d) Stokkiesdraai of die skool verlaat sonder toestemming.

(e) Afwesig van klasonderrig, dus klas "bunk"/dros/wegsluip.

(f) Onderwyser se opdragte moedswillig verontagsaam of ignoreer.

(g) Fisiese bakleiery.

(h) Bewustelik in die teenwoordigheid wees of kennis dra van leerder(s) wat alkohol, dwelms of ander gevaarlike items besit en/of gebruik en nalaat om dit aan 'n onderwyser aan te meld.

(i) Openlike gesagsuitdaging.

(j) Volgehoue en/of herhaaldelike oortreding van 'n Vlak 1, Kategorie C-oortreding(s).

**KORREKTIEWE MAATREëLS VIR VLAK 2-OORTREDINGS**

(i) Twee 2-uur Vrydagdetensies sal opgelê word.

(ii) Die graadvoog mag die ouer(s)/voog skakel en die leerder se optrede bespreek.

(iii) Indien die leerder enig verdere Vlak 2-oortreding in dieselfde kwartaal begaan, sal die leerder verwys word vir 'n dissiplinêre gesprek, waarby die ouer(s)/voogde teenwoordig sal wees.

(iv) In die geval van volgehoue en/of herhaaldelike oortreding van 'n Vlak 2-oortreding(s), sal die optrede as 'n Vlak 3-oortreding hanteer word en kan 'n korrektiewe maatreël, soos voorsien in die geval van 'n Vlak 3-oortreding, opgelê word.

**2.4 <u>UITERS ERNSTIGE OORTREDINGS: VLAK 3</u>**

(a) Gebruik en/of proe en/of in besit wees en/of verspreiding van verbode middels soos bv. alkohol/dwelms/sigarette/elektroniese sigarette/Hubbly Bubbly/vuurwerke/gevaarlike items. Die positiewe toetsing vir verbode middel(s) sal genoegsame bewys wees van die gebruik en/of proe van die middel(s).

(b) Seksuele teistering.

(c) Rassisme, die maak van rassistiese uitlatings, enige vorm van haatspraak.

(d) Aanranding van 'n ernstige aard of 'n aanval gepleeg met 'n gevaarlike wapen of voorwerp. (*Ouers word aangeraai om die voorval by die SAPD aan te meld.*)

(e) Intimidasie, boelie-, kuberboelieïsme viktimisering of dreigemente rig aan ander leerders. (*Meld die voorval by die Boeliekomitee aan*.)

(f) Selfoongebruik vir die neem van foto's, video- of klankopnames in klasse of op enige ander plek op die skoolterrein.

(g) Enige vorm van vandalisme, beskadiging van skooleiendom/eiendom van ander persone/bustoerusting. *(Ouers sal aanspreeklik wees vir skade – sien (iv) hieronder.)*

(h) Doelbewuste, ernstige besering van ‘n ander leerder/persoon.

(i) Enige opsetlike optrede wat die leerder, ander leerders of personeel se veiligheid/lewe in gevaar stel.

(j) Wanaanwending en/of ongemagtigde gebruik van skooleiendom, byvoorbeeld speel met brandslange, graffiti, beskadiging van eiendom. *(Ouers sal aanspreeklik wees vir skade – sien (iv) hieronder.)*

(k) Brandstigting. *(Ouers sal aanspreeklik wees vir skade – sien (iv) hieronder).*

(l) In besit wees van, of verspreiding van onwelvoeglike leesstof, foto’s, video’s, CD’s, musiek en/of pornografiese materiaal op selfone.

(m) Enige vorm van seksuele gedrag of aanstootlike optrede.

(n) Lasterlike karakterskending en/of ernstige kwetsende opmerkings maak teenoor ‘n leerder of onderwyser.

(o) Diefstal of die besit van vermoedelik gesteelde item(s). *(Ouers word aangeraai om die voorval by die SAPD aan te meld.)*

(p) ‘n Ander leerder lyfstraf toedien of enige vorm van “ontgroening” toepas.

(q) Oneerlikheid of onreëlmatige optrede tydens toetse, eksamen of take.

(r) Bomdreigement maak of enige ander vorm van massavrees of histerie aanblaas.

(s) Enig vorme van organisering of deelname aan massaprotes, massastakings/klas “bunk”, is verbode.

(t) Enige vorme van verspreiding van ongemagtigde petisies of deur middel van die internet, SMS’e/BBM/WhatsApp, of enige ander sosiale media boodskappe of enige ander sosiale netwerke, is streng verbode.

(u) Vervalsing/pleeg van plagiaat.

(v) Deelname aan enige okkultiese bedrywighede en/of die verspreiding van okkultiese materiaal.

(w) Uittarting van die gesag van ‘n opvoeder.

(x) Die doelbewuste verskaffing van vals inligting en/of vervalste dokumentasie.

(y) Herhaaldelike detensie ontduikings. (Indien ‘n leerder 2 of meer detensies ontduik, sal die leerder, bykomend tot die korrektiewe maatreëls by Vlak 3-oortredings, ‘n verdere twee 2-uur detensie tydens die volgende eksamen inhaal.)

(z) Volgehoue en/of herhaaldelike oortreding van ‘n Vlak 2-oortreding(s).

**KORREKTIEWE MAATREëLS VIR VLAK 3 OORTREDINGS**

(i) Die leerder sal onmiddellik verwys word vir 'n interne dissiplinêre gesprek. Die ouers/voog sal onmiddellik deur die graadvoog geskakel word en mag versoek word om die skool te besoek vir doeleindes van 'n interne dissiplinêre gesprek met die leerder.

(ii) Drie 2-uur Vrydagdetensies word opgelê.

(iii) Indien die oortreding van so 'n aard is dat dit:

- Die veiligheid van die leerder, mede-leerders en/of opvoeders in gedrang bring;
- dit die naam of reputasie van die skool ernstige skade berokken (of die potensiaal daartoe het);
- neerkom op 'n volgehoue en/of 'n herhaalde oortreding van 'n Vlak 3-oortreding en/of
- in die diskressie van die hoof 'n ondersoek na die moontlike skorsing (*suspension)* of uitsetting *(expulsion)* van die leerder noodsaak of regverdig

kan die aangeleentheid na die beheerliggaam verwys word vir die hou van 'n dissiplinêre verhoor.

(iv) Vir die beskadiging van eiendom, sal die ouers/voogde aanspreeklik gehou word vir die herstel- of vervangingskoste.

## 3. LYS VAN RELEVANTE BELEIDSDOKUMENTE EN VOORSKRIFTE

Hier volg 'n lys van beleidsdokumente en voorskrifte wat relevant mag wees by die gedragskode. Hierdie lys is onderhewig aan aanpassings en/of verdure byvoegings.

- Riglyne en prosedure: Assesering
- Riglyne en prosedure: Die gebruik van alkohol, dwelms en ander verbode middels deur leerders.
- Riglyne en prosedure: Detensie
- Riglyne en prosedure: Effektiewe aanwending van Inligtingstegnologie (sluit in kuberboelie en wangebruik van selfone)
- Riglyne en prosedure: Leerderafwesighede, stokkiesdraai en laatkom.
- Taalbeleid
- Toelatingsbeleid

# KUSWAG SKOOL

## ADDENDUM TOT DIE GEDRAGSKODE

## KLEREDRAG EN SPORTDRAG

**KLEREDRAGREëLS: GRAAD 8 – 12**

Die skooldrag en reëls ten opsigte van die dra daarvan word deur die Hoof, die Bestuur, en die Beheerliggaam bepaal.

**1. “CIVVIE”-DAE**

1.1 ALGEMEEN

(a) Leerders sal van tyd tot tyd toegelaat word om privaatklere skool toe te dra as deel van fondswerwing. ‘n Minimum bedrag van R5 sal gehef word.

(b) Kleredragreëls vir sulke dae sal streng toegepas word.

(c) BEGINSEL: Alle leerders moet netjies en sinlik in hulle privaatklere by die skool vertoon. Hulle is gewoonlik steeds in **klaskamers** besig met **akademiese werk.** Leerders, personeel en besoekers wil trots wees op ons leerders se voorkoms en kleredrag.

1.2 ALGEMEEN: MANLIKE EN VROULIKE LEERDERS

(a) **GEEN** juweliersware mag gedra word en dit **sluit beslis in:** okkultiese tekens en ander onaanvaarbare simbole of tekens.

(b) Hoërskool vroulike leerders: **Geen grimering mag gedra word nie en hare mag nie los oor die skouers gedra word nie.**

(c) Geen moulose “vests” of hemde met onwelvoeglike slagspreuke nie.

(d) **BELANGRIK: Geen metaal knoppies in ore (manlike leerders), oogbanke, tonge, neuse of enige sigbare deel van die liggaam nie).**

(e) Geen gekleurde, geverfde of onnatuurlike, opgesmukte hare en naels nie, tensy dit by ‘n tema pas wat vooraf goedgekeur is.

(f) Geen sigbare tatoeëring nie. Tatoeërmerke wat sigbaar is, MOET bedek word, hetsy met klere of verband of pleister.

(g) Rasieleiers by atletiek- of galabyeenkomste moet steeds welvoeglik vertoon.

1.3 MANLIKE LEERDERS

(a) “Boxer shorts” mag nie onder die kortbroek uitsteek nie.

(b) Manlike leerders moet skoongeskeer skool toe kom op “civvie-dae” soos op enige ander skooldag.

1.4 VROULIKE LEERDERS

(a) Geen deel van die maag of rug mag bokant die band van die romp/broek uitsteek nie.

(b) Die bokant van die rok/bostuk ("toppie") mag nie deurskynend wees nie en moet die halslyn netjies en smaakvol bedek, veral as die leerder sit en 'n persoon van bo-af na die leerder kyk. Dus geen wulpse halslyn ("cleavage") nie. Geen dun bandjies met onderklere wat uitsteek nie.

(c) Onderklere (broekies) mag nie by die romp/broek se band uitsteek nie. Dit skep groot verleentheid veral as die leerder sit.

(f) GEEN **kortbroeke** nie, wel kuitbroeke of kniebroeke, nie meer as 10 cm bo die knie nie. Rompe/broeke moet te alle tye welvoeglik vertoon, veral as 'n leerder sit.

**REGSTELLENDE AKSIE VIR PARAGRAWE 1.1, 1.2, 1.3 EN 1.4**

'n Leerder wat nie na wense geklee is nie, word geïsoleer van die res van die leerders, totdat hy/sy sindelike klere kan bekom, of sal met ouers se kennisname huis toe gestuur word.

NEEM KENNIS: GEEN LEERDER SAL PRIVAATKLERE TYDENS EKSAMENS MAG DRA NIE. HIERDIE BESLUIT GELD VIR ALLE LEERDERS, INSLUITENDE TOP-10 EN GRAAD 12-LEERDERS.

**2. SKOOLKLERE**

Skoolklere kan gekoop word by:

- The Tailor, Winkel 7A, Toit Mall, Beachweg, Amanzimtoti (031 903 8238)

2.1 MATRIEKBAADJIE (SLEGS VIR GRAAD 12'S)

Die matriekbaadjie mag deur die graad 12-leerders gedurende die somer sowel as die winter gedra word. Die matriekbaadjie mag nie onder die skoolbaadjie EN OOK nie op Dinsdae tydens saalopening of na enige amptelike skoolfunksie gedra word nie.

2.2 HOëRSKOOL GRAAD 8 – 12

2.1.1 MANLIKE LEERDERS

**SOMERSDRAG**

(a) Broek

"Fawn" kortbroek (opsioneel) of langbroek. Kort-/Langbroeke moet netjies pas en die kruis van die broek moenie laag hang nie.

(b) Hemp

Wit kortmou oorhanghemp met **sakwapen (verpligtend).** Geen T-hemp onder skoolhemp nie.

(c) Skoene

Bruin toeryg (bv Bata-"toughies") of brug-gespe aanglipskoene. Geen alternatiewe aanglipskoene nie. Geen sportskoene of swart skoene saam met skoolklere nie.

(d) Kouse

By kortbroek: Bruin lang skoolkouse met wit en teal strepe.

By langbroek: **Kort, bruin skoolsokkies** – geen wit of ander kleure of gestreepte kouse nie.

(e) Skool Sweetpakbaadjie

Graad 8 – 12: Slegs vir sport. **Nie deel van amptelike skooluniform nie.**

(g) Moulose roomkleurige, V-nek oortrektrui mag in somer en/of winter gedra word. Die oortrektrui mag onder die amptelike/formele skoolbaadjie, meet of sonder die skooldas gedra word. (Sien WINTERSDRAG, punt (h)

**LW. *Die LANGMOU TRUI MAG NOOIT SONDER DIE BAADJIE GEDRA WORD NIE.**

**WINTERSDRAG**

(a) Broek

Graad 8 – 12: "Fawn"-langbroek. Langbroeke moet netjies pas en die kruis van die broek moenie laag hang nie. Langbroeke moenie op 'n bondel op skoene hang nie.

(b) Hemp

Graad 8 – 12: Wit langmou-/kortmouhemp **met boordjie vir das**. Geen oorhangende hemde word toegelaat nie.

(c) Skoene

Dieselfde as vir die somer.

(d) Kouse

Dieselfde as vir die somer.

(e) Das

Graad 8 – 11: Skooldas, bruin met wit en teal strepe saam met skoolbaadjie. Graad 12: Matriekdas, spesiaal ontwerp en word slegs deur graad 12-leerders gedra.

(f) Skoolbaadjie

Teal skoolbaadjie (Envoy#645) soos voorsien deur verskaffers.

Graad 8 – 12: Verpligtend.

**Geen skoolsweetpakbaadjie of enige ander truie/baadjies – behalwe die roomkleurige V-nektrui/langmou skooltrui)** – mag onder die skoolbaadjie gedra word nie. (Sien paragraaf (h) skooltrui)

(g) Skoolsweetpakbaadjie

Graad 8 – 12: Slegs vir sportbyeenkomste. NIE op Vrydae NIE. **Nie deel van skooluniform vir klas nie.** Moue mag nie opgestoot word nie.

(h) Moulose roomkleurige oortrektrui

Graad 8 – 12: Moulose roomkleurige, V-nek oortrektrui, mag in die winter onder die amptelike, formele skoolbaadjie gedra word.

(i) Die langmou roomkleurige skooltrui

Graad 8 – 12: **Die skooltrui (langmou) mag slegs in die winter onder die skoolbaadjie gedra word – nooit sonder die baadjie nie.** Die trui mag ook nie oor die skouers gedrapeer word nie. **Moue van die trui en baadjie mag nie opgestoot word nie.**

2.1.2 VROULIKE LEERDERS

**SOMERSDRAG**

(a) Romp

Bruin ses-baan skoolromp.

**Rompe mag nie by die middellyn opgerol/omgeslaan word nie.**

Die lengte word bepaal deur te kniel op die grond: die soomlyn mag dan nie **meer (hoër) as 10 cm** van die vloer af wees nie. Indien die voorkoms van agter af te kort blyk te wees, sal die leerder versoek word om (in haar eie belang) haar rompie langer te dra. GEEN skoollangbroeke word vir vroulike leerders toegelaat nie.

(b) Hemp

Wit skoolhemp met kort moue en skoolwapen (verpligtend op die sak). Wit en teal koord, oorhanghemp. Die oorhanghemp mag egter NIE onder die skoolbaadjie uitsteek nie.

(c) Onderklere

Dra ‘n bruin/vleeskleurige/swart of wit katoenbroekie wat nie verleentheid sal veroorsaak nie. ‘n ”Ski-pant” mag oor die katoenbroekie gedra word.

Dra ‘n vleeskleurige of wit bra wat nie by die skoolhemp sal deurskyn nie. **Geen swart, bont of ander opvallende kleur of kant bra wat deurskyn nie.**

‘n Wit of vleeskleurige kamisool met dun bandjies mag onder die skoolhemp gedra word.

(d) Kouse

Kort, wit skoolsokkies, eenmaal omgevou tot ‘n maksimum van 4 “vingerbreedtes” bokant die enkelknop. SLEGS WIT SKOOLKOUSE (SOKKIES) IS TOELAATBAAR. Geen ander kleure soos bv. ‘n gekleurde hak of gekleurde strepies mag gedra word nie.

(e) Skoene

Bruin skoolskoene met bandjies om die voet – “Teardrop”. GEEN swart skoene nie.

(f) Skoolsweetpakbaadjie

Graad 8 – Slegs vir sportbyeenkomste. NIE op Vrydae NIE. Nie deel van skooluniform vir klas nie.

**Geen skoolsweetpakbaadjie of enige ander truie/baadjies mag onder die skoolbaadjie gedra word nie.**

(g) Moulose Roomkleurige Oortrektrui

Graad 8 – 12: Moulose roomkleurige, V-nek oortrektrui, **mag in die somer** gedra word. Die oortrektrui mag onder of sonder die amptelike, formele skoolbaadjie, met of sonder die skooldas gedra word.

**WINTERSDRAG**

(a) Romp

Graad 8 – 12: Soos vir somersdrag. **GEEN skoollangbroeke word vir vroulike leerders toegelaat nie.**

(b) Hemp

Graad 8 – 12: Wit langmouhemp met boordjie vir das OF kortmou, oorhanghemp sonder das wat oopslaan (slegs vir vroulike leerders) OF wit langmouhemp en das (opsioneel).

(c) Kouse

Graad 8 – 12: Sykouse (Kleur: "Beach Bronze of "Bare Beige") saam met wit sokkies, sykouse alleen, of nét wit sokkies alleen mag in die winter saam met die romp gedra word. (drie opsies)

(d) Das (Opsioneel vir meisies)

Graad 8 – 11: Die bruin skooldas met wit en turkoois strepe saam met 'n langmouhemp met boordjie.

Matriekdas: Matriekdas, spesiaal ontwerp en word slegs deur graads 12-leerders gedra.

(e) Skoolbaadjie

Teal skoolbaadjie (Envoy# 635) soos voorsien deur goedgekeurde verskaffers.

Graad 8 – 12: Verpligtend.

(f) Skoolsweetpakbaadjie

Graad 8 – 12: Slegs vir sport. Slegs vir sportbyeenkomste of as ondersteunersdrag. NIE op Vrydae NIE. **Is nie deel van die skooluniform vir klas nie.** Die skoolsweetpakbaadjie of matriekbaadjie mag nie tydens saalbyeenkomste of formele funksies onder die skoolbaadjie gedra word nie.

(g) Moulose roomkleurige oortrektrui

Roomkleurige, moulose V-nek trui mag onder die baadjie gedra word.

(h) <u>Langmou skooltrui</u>

Mag slegs in die **winter onder die baadjie gedra word – nooit sonder die baadjie nie.** Die trui mag ook nie oor die skouers gedrapeer word nie. Moue van die baadjie moet afgerol wees.

**3. KLEREDRAG VIR GASVRYHEIDSTUDIES**

* Blou en wit "check" langbroek
* Wit sjefshoed.
* Wit sokkies.
* Skoolskoene of netjiese tekkies (oorwegend wit met wit veters).
* Hare en voorkoms volgens die voorgeskrewe skoolreëls.
* Die dra van 'n wit, bruin of swart "Alice band", 3 cm is toelaatbaar.

**4. ALGEMENE NETHEID EN VOORKOMS**

**Nota:** Graad 12-voorregte word jaarliks hersien en verskyn in 'n afsonderlike dokument wat deur die Graad 12-graadvoog voorberei word. Totdat hierdie voorregte jaarliks hersien en bevestig is, is die graad 12-leerders onderworpe aan die reëls soos van toepassing vir die ander leerders.

Enige graad 12-voorregte sal verbeur word as leerders nie die voorwaardes en hulle verantwoordelikhede nakom nie. Volgehoue oortredings kan ook lei tot detensie en/of inkorting van bloktyd in die eksamen.

**REGSTELLENDE AKSIE/STRAFMAATREëLS VIR OORTREDING VAN REëLS VERVAT IN PARAGRAWE 4.1, 4.2 EN 4.4**

- Professionele regstellende aksies moet toegepas word.
- 3 x 2-uur Vrydagdetensies word gegee deur die registeronderwyser/ graadvoog

## 4.1 NAELS

4.1.1 VROULIKE LEERDERS: Graad 8 – 12

* Mag nie oor die vingerpunte steek nie.

  "Gel" mag op die naels gedra word MAAR GEEN "tips" is toelaatbaar nie.

* Graad 8 – 12: Neutrale, deursigtige naellak of Franse manikuur is toelaatbaar. Naels moet steeds by die voorgeskrewe lengte gehou word.

* Naels moet te alle tye kort, skoon en netjies wees.

4.1.2 Manlike leerders

Naels moet te alle tye kort, skoon en netjies wees.

## 4.2 HARE

4.2.1 MANLIKE EN VROULIKE LEERDERS

* Hare moet te alle tye skoon en netjies vertoon.

* **Geen kleursel of tint van hare nie. GEEN LIGSTREPIES nie – selfs nie 'n skakering ligter as die natuurlike hare, mag in die natuurlike hare ingesit word nie.**

* Haarjel is slegs van toepassing vanaf Gr 8 – 12.

* Haarjel moet natuurlik en **matig aangewend** word om die hare in toom te hou – nie om opgesmukte style te dra nie. Geen haarstyle wat 'n deurmekaar of ongekamde voorkoms skep nie. **Geen "wetlook" nie.**

* Hare moet netjies en uit die gesig wees.

* Kuiwe mag nie die wenkbroue raak nie.

* Geen tint van wenkbroue of wimpers in onnatuurlke skakerings of kleur nie.

4.2.2 MANLIKE LEERDERS

* Geen oormatige/drastiese of modegier-haarstyle nie.

* Wees skoon geskeer. Indien ongeskeer, onmiddellike regstelling. Verseëlde, weggooibare skeermes by die skool beskikbaar OF die leerder word huis toe gestuur.

* Hare moet kort gesny wees. Hare mag nie die kraag, wenkbroue of oogbanke raak nie.

* Graad 8 – 11: Bakkebaardjies ("sideburns") moet kort wees – tot by die middel van die oor.

4.2.3 VROULIKE LEERDERS

* **GEEN GEKLEURDE OF GETINTE HARE NIE!**
* Hare vasgemaak met wit, teal of bruin “scrunchies” of linte.
* Haarrekkies moet wit, bruin, teal of swart wees.
* Haarknippies moet eenvoudig bruin, swart, wit of silwer **SONDER dekorasies** wees. Haarknippies moet steeds by skooldrag pas.
* GEEN “kraainesbollas” nie.
* Steek haarslierte vas, uit die gesig, of ‘n wit, bruin of swart haarband, maksimum 3cm breed kan gedra word.
* Die dra van ‘n wit, bruin of swart “Alice band”, 3 cm is toelaatbaar.
* Los hare wat die kraag raak moet vasgemaak wees.
* Japanese “chopsticks” of etniese ystervarkpenne in hare is nie toelaatbaar nie.

**4.3 JUWELE**

* GEEN TONGRINGE NIE.
* Geen metaalknoppies of “sleepers” mag in enige deel van die liggaam gedra word nie, behalwe oorkrabbetjies (sien par. 4.3.20)
* GEEN toeplak van ontoelaatbare juweliersware of plastiekstoppertjies soos bv. in die neusvleuel of oogbank is toelaatbaaar nie.

**4.3.1 HORLOSIES**

* Die dra van “Slim”-horlosies is verbode en word dus ook nie in eksamenlokale toegelaat nie.
* Horlosies, silwer, goud of swart, met slegs een bandjie en wat nie onnatuurlik of oorversier is nie. GEEN helderkleurige horlosies nie.
* Geen ringe, hangertjies of armbande nie.
* GEEN armbandjies of lapelwatentjies, wat ‘n verdienstelike saak (bv. Anti-dwelms) verteenwoordig, is toelaatbaar nie, tensy met toestemming van die Hoof en dan slegs vir EEN week ter wille van ‘n bewusmakingsprojek.
* Lapelwapentjies wat toelaatbaar is: SR, Leerderraad, Eerste Span, Kultuurtoekennings, ATKV, Monitors, Media Monitors, Bloedskenk.

**4.3.2 OORKRABBETJIES (SLEGS) VIR VROULIKE LEERDERS**

* Goud of silwer oorringetjies (±1 mm wye "sleepers") - maksimum 1 cm deursnee.
* Goud of silwer knoppies – maksimum 3mm in deursnee; geen blink steentjies of pêreltjies nie.
* Slegs een krabbetjie per oor en wel in die onderste gaatjie.

**4.4 GRIMERING**

* **Geen** grimering op "Civvie"-dae is toelaatbaar nie.
* **Geen** grimering word by skoolklere of uitstapdrag toegelaat nie. Dit sluit in swart of ander kleur oogomlyner, mascara, gekleurde lipbevogtiger, kleuronderlaag, ens.
* "Lipice" moet deursigtig en natuurlik wees.
* Enige tekens van grimering sal onmiddellik afgewas/verwyder moet word.

**5. KLEREDRAG VIR LEWENSORIëNTERING PRAKTIES**

* Lewensoriëntering-prakties is verpligtend vir hoërskoolleerders, gr 8 – 12.
* Geen leerders sal toegelaat word om prakties te doen, indien die voorgeskrewe kleredrag nie gedra word nie.
* Gedurende die winter mag die skoolsweetpak en tekkies vir LO-periode gedra word.

**6. ALGEMEEN**

* Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees.
* Geen gekleurde baadjies, truie of serpe mag skool toe gedra word nie.

**7. PRIVAATDRAG: SKOOLFUNKSIES EN –OPVOERINGS**

(Sien ook Kleredrag vir Civvie-dae" bl. 2)

Onder alle omstandighede netjiese, sindelike privaatklere wat nie wulps, uitlokkend is, of aanstoot kan gee nie.

**Skooldrag moet na formele/amptelike skoolfunksies asook skoolbyeenkomste gedra word.**

**SPORTDRAG: GRAAD 8 – 12**

**1. TOESKOUERSDRAG: MANLIKE EN VROULIKE LEERDERS**

Leerders wat sportbyeenkomste bywoon, moet die amptelike SKOOLDRAG volledig dra.

**2. SPANDRAG: VROULIKE LEERDERS**

**2.1 EERSTE SPANNE**

Drag word deur spanlede en afrigter bepaal. Skakerings van die skoolkleure moet gebruik word in die drag.

**2.2 NETBAL**

* Teal rompie en toppies soos voorgeskryf.
* Wit sokkies.
* Sportskoene (toepaslik vir sport) met wit veters.

**2.3 HOKKIE**

* Teal rompie en toppie soos voorgeskryf.
* Teal en bruin kniekouse (Eerste span: Bruin en wit gestreepte kniekouse).
* Swart hokkiestewels/sportskoene (toepaslik vir sport)

**2.4 SWEM**

* Swart eensstuk skoolkostuum.
* Geen bikini's tydens Interlaer Gala/Lewensoriënteringsperiode of sosiale geleenthede (klasparty) nie.
* Skoolswempet – teal of swart – **verpligtend vir alle swembyeenkomste.**

**2.5 TENNIS**

* Graad 8 – 12
* <u>Wedstryddrag</u>: Teal romp en hemp soos voorgeskryf.
* Wit kort kouse met oorwegend wit tennisskoene met wit veters.
* <u>Oefendrag:</u> Wit hemp met swart broekie of Kuswag LO-drag.

## 3. SPANDRAG: MANLIKE LEERDERS

### 3.1 RUGBY

* Wit kort rugbybroek.
* Skoolrugbytrui (bruin met teal en wit strepe).
* Onder 14 – Tweede span: Rugbykouse: bruin met teal en rugbystewels.
* Onder 13A-span en Eerste Span: dra gespesifiseerde eerstespandrag.

### 3.2 KRIEKET

* Onder 14: Wit kortbroek, bruin skoolkouse, wit gholfhemp met teal kraag en "Kuswag" in teal op die bors geborduur. Tekkies oorheersend wit met wit veters/wit krieketskoene.
* Onder 15: Wit langbroek, wit gholfhemp, krieketskoene en wit kouse.
* Eerste krieketspan: Wit langbroek, wit hemp/geborgde hemp (soos goedgekeur), wit krieketskoene en wit kouse.

### 3.3 GHOLF

* Gholfhemp, langbroek, gholfskoene. Kleure soos ooreengekom vir Eerstespan.
* Gepaste skoene (nie rugbyskoene nie).

### 3.4 TENNIS

* Graad 8 – 12: Swart kortbroek, Gholfhemp met teal kraag en "Kuswag" in teal geborduur op die bors.
* Wit kort kouse met oorwegend wit tennisskoene met wit veters.

### 3.5 SWEM

* Nuwe voorgeskrewe lycra swembroek.
* Teal of swart swempet is verpligtend vir alle swembyeenkomste.

**3.6 LANDLOOP EN ATLETIEK**

**MANLIKE EN VROULIKE LEERDERS**

Hoërskool

- Wit rugbykortbroek/ teal LO-broekie
- Voorgeskrewe atletiekhemp vir landloop.
- Blou of Rooi T-hemp vir interlaer-byeenkomste.

**3.7 SKAAK**

Volledige somers-/winters- skooldrag afhangend van die seisoen.

# KUSWAG SKOOL

**INFASERING VAN WINTERSDRAG: 17 MEI 2021**

**SEUNS: (Addendum tot Gedragskode)**

(a) Broek

Graad 8 – 12: "Fawn"-langbroek. Langbroeke moet netjies pas en die kruis van die broek moenie laag hang nie. Langbroeke moenie op 'n bondel op skoene hang nie.

(b) Hemp

Graad 8 – 12: Wit langmou-/kortmouhemp **met boordjie vir das**. Geen oorhangende hemde word toegelaat nie.

(c) Skoene

Dieselfde as vir die somer.

(d) Kouse

Dieselfde as vir die somer.

(e) Das

Graad 8 – 11: Skooldas: Bruin met wit en teal strepe saam met skoolbaadjie.

Graad 12: Matriekdas, spesiaal ontwerp en word slegs deur graad 12 leerders gedra.

(f) Skoolbaadjie

Teal skoolbaadjie (Envoy # 645) soos voorsien deur verskaffers.

Graad 8 – 12: Verpligtend.

**Geen skoolsweetpakbaadjie of enige ander truie/baadjies – behalwe die roomkleurige V-nekstrui/langmou skooltrui**) – mag onder die skoolbaadjie gedra word nie (Sien paragraafd (h) Skooltrui).

(g) Skoolsweetpakbaadjie

Graad 8 – 12: Slegs vir sportbyeenkomste. NIE op Vrydae NIE. **Nie deel van skooluniform vir klas nie**. Moue mag nie opgestoot word nie.

(h) Moulose roomkleurige oortrektrui

Graad 8 – 12: Moulose roomkleurige, V-nek oortrektrui, mag in die winter onder die amptelike, formele skoolbaadjfie gedra word.

(i) Die langmou roomkleurige skooltrui.

Graad 8 – 12: **Die skooltrui(langmou) mag slegs in die winter onder die skoolbaadjie gedra word – nooit sonder die baadjie nie.** Die trui mag ook nie oor die skouers gedrapeer word nie. **Moue van die trui en baadjie mag nie opgestoot word nie.**

**VERSKAFFERS**

- The Tailor, Amanzimtoti Mall
- Kuswag Klerebank — Gebruikte klere

  Alle groottes teen bekostigbare pryse.

  Ouers word gevra om enige bruikbare, skoon skoolklere wat nog by die huis is aan die klerebank te skenk. Die behoefte is GROOT.

# KUSWAG SKOOL

## ADDENDUMS TOT DIE KODE VAN GEDRAG

# 2023

**SELFOONBELEID: HOËRSKOOL AFDELING**

Alhoewel Kuswag Skool die gebruik van selfone vir akademiese en persoonlike doeleindes ondersteun, het die misbruik van selfone in die klaskamer en tydens pouses onuithoudbaar geword. Die selfoonbeleid wat reeds bestaan gaan dus vanaf die tweede kwartaal 2023 uiters streng toegepas word. Soos ons buurskole, is ons ook genoodsaak om hierdie besluit te neem in die beste belang van ons leerders. Die volgende is van die probleme wat begin handuit ruk het:

- Ouers/buitestaanders is voortdurend met leerders in kontak en dit druis in teen die ordelike bestuur van die skool.
- Leerders in 'n verhouding/wat 'n verhouding wil inisieër stuur uiters onvanpaste foto's en boodskappe aan mekaar. Ons beveel aan dat u 'n slag u kind se foon oopmaak en kyk wat daarop is!
- Fone word voortdurend in die klas gebruik vir aktiwiteite wat niks met akademie te doen het nie. Leerders is dus voortdurend op hulle selfone en hulle aandag is nie by die werk nie.

**DIE VOLGENDE REËLS SAL STRENG VANAF DIE EERSTE DAG VAN DIE TWEEDE KWARTAAL 2023 TOEGEPAS WORD:**

**1. SPESIFIEKE REËLS VIR DIE HANTERING VAN SELFONE BY DIE SKOOL**
(Sien ook die *Kode van Gedrag* van Kuswag Skool)

1.1 Selfone, musiekapparaat en enige ander elektroniese apparaat moet **afgeskakel** en **buite sig gebêre word vir die duur van die volle skooldag;** dus vanaf **07:30** tot **14:15. Oorfone is buite sig.**

1.2 Hierdie reël sluit **pouses** en **toesigperiodes** in.

1.3 Amptelike skoolfunksies soos saalbyeenkomste, prysuitdelings en aantree vir afkondigings geld ook as **binne skoolure.**

1.4 Indien 'n leerder wel 'n selfoon in sy/haar besit het, mag dit nie tydens skoolure (insluitend pouses):
- As 'n foon gebruik word nie;
- Op die geluidlose funksie aangeskakel wees nie (dit moet **af** wees);
- As 'n horlosie gebruik word nie;
- As 'n sakrekenaar of dagboek gebruik word nie.

1.5 Indien ‘n leerder **dringend** ‘n ouer/voog moet skakel, word dit **in die kantoor** deur die sekretaresses hanteer. Personeel sal nie toestemming vir die gebruik van ‘n selfoon gee nie. Indien dit **dringend** is, skakel ‘n **ouer** die kantoor en ‘n boodskap sal aan die leerder gegee word.

1.6 Die veilige bewaring van ‘n selfoon of soortgelyke toestel is uitsluitlik die **verantwoordelikheid van die leerder**. Geen akademiese tyd sal gebruik word om na ‘n verlore selfoon te soek nie.

1.7 Indien dit onder die aandag van die skool kom dat ‘n leerder ‘n selfoon deur die loop van die dag gebruik het **om enige persoon** te kontak (dit sluit ‘n ouer in), word dit as ‘n oortreding van die *Kode van Gedrag* gesien en sal die sanksie soos hier onder uiteengesit van toepassing wees.

**2. KONFISKERING VAN ‘N SELFOON**

2.1 Die foon, of soortgelyke toestel, word onmiddellik deur ‘n personeellid gekonfiskeer as **dit sigbaar is en/of in gebruik is of was**. Dit geskied in die klaskamer EN op die perseel in skooltyd.

2.2 Die personeellid maak seker dat die simkaart in die foon bly.

2.3 Die personeellid neem die foon na die voorste kantoor **in die teenwoordigheid van die leerder**.

2.4 **In die teenwoordigheid van die leerder**:

- Word die foon in ‘n koevert geplaas en die leerder se naam, die tipe selfoon, en die datum van die oortreding word op die koevert geskryf.
- Die leerder en die sekretaresse teken op die koevert.
- Die sekretaresse maak ook ‘n intekening in die betrokke rekordboek.
- Die foon word veilig in die koevert in die kantoor/kluis bewaar.
- Die datum waarop die foon weer teruggegee sal word, word ook aangeteken.

**3. SANKSIE VIR DIE GEBRUIK VAN ‘N SELFOON**

| |
|---|
| **ELKE OORTREDING:**<br>DIE SELFOON MET DIE SIMKAART WORD GEKONFISKEER VIR **EEN VOLLE WEEK, WAARNA DIE LEERDER DIT TEEN ‘n BOETE VAN R100 KAN TERUGKRY.** |

**4. GEEN UITSONDERINGS SAL GEMAAK WORD NIE**.

Ons glo dat elke ouer die skool se posisie verstaan en ons onvoorwaardelik sal ondersteun.

________________________________

**MJK PRINSLOO**
**SKOOLHOOF**

## 2024

**Met ingang 01 Januarie 2024 word die volgende TWEE ADDENDUMS tot Kuswag Skool se *Kode van Gedrag* bygevoeg:**

**ADDENDUM 1 van 15 JANUARIE 2024**

Om kostes te bespaar ontvang elke ingeskrewe leerder van Kuswag Skool slegs EEN afskrif van die *Kode van Gedrag,* soos in 2021 in werking gestel, met inskrywing of wanneer 'n algehele nuwe *Kode van Gedrag* uitgereik word deur die Beheerliggaam. Enige veranderings/aanpassings sal skriftelik as 'n **ADDENDUM** deurgegee word vir leerders en ouers se kennisname en bevestiging op die aangehegte **AFSKEURSTROKIE wat op die aangewese datum aan die registeronderwyser terug besorg moet word**.

Die Addendum/s sal ook op die D6 kommunikeerder deurgegee word. Leerders teken vir die ADDENDUM en dit moet dan tuis aan die bestaande *Kode van Gedrag* geheg word. Hierdie ADDENDUMS word as bindend tot die *Kode van Gedrag* van Kuswag Skool gereken.

**ADDENDUM 2 van 15 JANUARIE 2024**

2.1 'n Leerder wat nie tydens 'n betrokke dag die skool bywoon nie, **mag nie** 'n buitemuurse aktiwiteit wat daardie middag/aand aangebied word bywoon nie, OF daaraan deelneem nie, tensy die Skoolhoof/Adjunkhoof SKRIFTELIKE toestemming vir sodanige afwesigheid verleen het.

2.2 'n Leerder wat nie die skool op 'n Vrydag bygewoon het nie, mag nie die daaropvolgende Saterdag enige buitemuurse aktiwiteit bywoon, OF daaraan deelneem nie, tensy die Skoolhoof/Adjunkhoof SKRIFTELIKE toestemming vir sodanige afwesigheid verleen het.

________________________________ **15 Januarie 2024**

**MJK PRINSLOO**

**SKOOLHOOF**

# KUSWAG SKOOL

**ADDENDUMS 1 & 2 van 2024 tot die KODE VAN GEDRAG**

**Ek: ………………………………………………………………………………………………………ouer/voog van**

**(naam en van van leerder): …………………………………………………………………………………….**

**in graad: ……………………….**

**Erken ontvangs van ADDENDUM 1 en ADDENDUM 2 gedateer 15 Januarie 2024, en onderneem om hierdie as bindend tot die *Kode van Gedrag* van Kuswag Skool te reken.**

**______________________________**

**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG**

**______________________________**

**HANDTEKENING VAN LEERDER**

**______________________________**

**DATUM**